# HOOFSTUK 1

## PROBLEEM- EN TAAKSTELLING

"sodat ons seuns soos plante mag wees wat opgekweek is in hulle jeug; ons dogters soos hoekpilare wat uitgebeitel is na die boustyl van 'n paleis;" (Ps. 144:12)

### 1.1 Gesagstoepassing - 'n onopgeloste probleem.

Wanneer 'n nuutaangestelde skoolhoof sy amp aanvaar, word hy veral van twee belangrike aspekte bewus :

- die verantwoordelikheid wat aan die pos verbonde is; en
- die seggenskap of gesag wat hy met die aanstelling verkry het.

Die eerste saak lewer min onduidelikheid, want dit word presies beskryf in die Handleiding vir skoolorganisasie :

> "die hoof is verantwoordelik vir alles wat in sy skool en koshuis plaasvind, vir alle personeellede, geboue, uitrusting en vir amptelike stukke wat van die kantoor uitgaan". (T.O.D. 1970, p. 276).

Wat die tweede aspek aanbetref, is hy nie so gelukkig nie. Sy gesag is nie in so min woorde omskryf nie. Hoeveel gesag het hy? Hoe ver en oor wie almal geld dit? Hy mag tereg redeneer dat hy deur die onderwysowerhede aangestel is en dus oor 'n mate van owerheidsgesag beskik. 'n Beheerraad, wat die ouers verteenwoordig, het medeseggenskap gehad in sy aanstelling en dit gee aan hom verleende ouerlike gesag. MAAR, alle gesag setel in God en daarom het hy geen gesag nie tensy hy kan voel dat God hom geroep het en met gesag beklee, vir 'n bepaalde taak op 'n bepaalde plek en tyd.

Hy is bewus van die gesagstryd in die wêreld: tussen magte en lewensbeskouings; mense en mense en hy weet van die jongmense se soeke na meer vryheid. Aan raadgewers het hy geen gebrek nie - baie wil hom raad gee van hoe hy sy gesag op die ander moet laat geld.

Hoe streng moet hy wees? Hy hoor van streng outokratiese hoofde wat baie sukses het - en mislukkings maak. Hy hoor van buurskole se beter reëls. Hy het self 'n bietjie ondervinding. Hy hoor veralgemenings soos: "die gemiddelde kind hou van gesag". Wie is dit? Die bang standerd sessie of die standerd tien-seun?

Wanneer 'n jongmens, volgens die algemene standaarde wat deur mense gestel word, misluk, ontstaan die vraag: is daar streng genoeg opgevoed en opgetree?

Al hierdie vrae vereis dat iemand probeer om te bepaal watter tegnieke of metodes in gesagstoepassing die beste is, want as daar is en opvoeders weet dit nie, is hulle oningeligtes - blindes wat moet lei.

In die soeke na die regte gesagseise word baie gespekuleer. Streng optrede het oor die algemeen 'n positiewe invloed op die sigbare gedrag van leerlinge. Ordelike, goed gemanierde en netjies geklede kinders, die trots van ouer en skool, is meestal die produkte van baie duidelike riglyne of uiters streng voorskrifte. Hoeveel van hierdie goeie gedrag die resultaat van skynheiligheid en vrees is, is moeilik bepaalbaar. Sal hierdie "puik" skoliere die "ankers", wat hulle gedwonge moes aanvaar,

vashou /....

vashou wanneer hulle as volwassenes 'n vrye keuse gelaat word om te besluit? Sommiges waarsku dat gedwonge wil geen wil is nie en dat 'n kind wat verplig word om by 'n reëling van die opvoeder in te val, sonder die voorreg om die opdragte te oorweeg en te toets, nie noodwendig daarby sal bly wanneer die dwang wegval nie.
Ander sê:

> "dissipline moet lei tot selfdissipline";
> "gehoorsaamheid in sigself is geen deug nie";
> "leerlinge moet saamstem oor die sinvolheid van skoolreëls";
> "'n hoof kan nooit te streng wees nie".

Tussen al hierdie bewerings en sy ideale vir sy skool moet 'n hoof besluit hoe hy die gesag verbonde aan sy amp gaan gebruik.

Elke skoolhoof wil seker 'n ideale toestand in sy skool sien waar elkeen slegs gehoorsaam is aan sy eie, selfgestelde norm en wil, maar met so 'n mooi gevormde wil dat elke kritiese oog by evaluering maar net kan sê: "Hartlik geluk". Is hierdie utopie moontlik?

Opvoeders wat waarlik in die eindbestemming van hul kinders belangstel, sal na langtermynresultate strewe en nie net die korttermyndoelwitte, soos byvoorbeeld orde, voor oë hê nie. Die skolier is immers skepsel van God, onderweg van sy huidige na 'n toekomstige en uiteindelike bestemming.

Êrens tussen die uiterste pole van algehele vryheid, wat selde met orde, goeie onderrig en opvoeding gepaard sal gaan en die te strenge "moenie dink nie, jy kan nog nie", soek die opvoeder na die ideale middeweg. Hierdie ideale verhouding of korrekte persentasie voorskriftelikheid waaraan kinders onderwerp moet

word /....

word, bly steeds 'n onopgeloste probleem en die antwoord word nie maklik wetenskaplik bepaal nie.

Dan is daar nog vrae oor gesagsdelegering, leerlinge se rol in gesagsuitoefening, die hoof se hulpmiddels in sy gesagsamp en vele ander waaroor skoolhoofde in die algemeen en nuwe hoofde in die besonder meer duidelikheid moet vind. Daar moet bepaal word hoeveel voorskriftelikheid in 'n hoërskool normaal en nodig is. Daar moet, indien moontlik, vasgestel word wat geëis mag word, hoeveel geëis moet word sonder teenspraak en hoeveel wel met ondergeskiktes beredeneer kan word.

1.2 Noodsaaklikheid van die ondersoek.

Omdat ongedissiplineerde en losbandige kinders normaalweg vir ouer en gemeenskap 'n steen des aanstoots is en omdat leerlinge op hulle manier tog trots op hulle skool se streng dissipline is, wil elke hoof seker graag toesien dat sy leerlinge gesagsbewus en gedissiplineerd leef, wandel en werk. Hoe en deur watter hulpmiddels sal hy dit die beste bereik?

Daar is baie min skole met identiese reëls en voorskrifte. Die skool se gesag gaan soms buite die grense van die skoolterrein en die onderrig. Is dit in orde? Kan tussen die alternatiewe stelle reëls 'n keuse gemaak word?

Met hierdie ondersoek gaan gepoog word om vas te stel wat die algemeen aanvaarde is. Deur dan hierdie eise, reëls, metodes en tegnieke te toets aan die Christelik aanvaarde norme soos gesetel in God se Woord, kan dit, sover dit die toets deurstaan,

moontlik /....

moontlik as rigsnoer en wenk vir ander dien. Kan die Bybel as handboek in 'n hoof se kantoor dien?

Die Heilige Skrif kan as belangrike bron van kennis dien. Hieroor sê C.J. Coetzee in sy verhandeling waarin hy Schoeman telkens aanhaal:

> "Die formele grondbeginsel of grondwaarheid van die Calvinisties-Reformatories- verankerde denke, is die onfeilbare en absolute gesag van die besondere Godsopenbaring, naamlik die Heilige Skrif wat uit Genade deur God self aan die mens geskenk is". (Schoeman, 1971, pp. 6, 7). Alhoewel die Skrif geen wetenskaplike handleiding is nie, put die Christen daaruit die feite en norme wat nodig is vir Christelike roepingsvervulling. Hy verkry daaruit kennis aangaande die skepping van die mens na die beeld van God en sy kultuuropdrag - feite waardeur sy bestaan sin en betekenis verkry. Sonder dié kennis sou hy bloot 'n verlengstuk van die natuur wees. Oor sy spesifiek menslike bestaanswyse en pligte, asook die sin van die geskape kosmos, kan die mens uit geen ander bron as die Bybel outoritêre inligting verkry nie. Calvyn beklemtoon hierdie waarheid as hy die Skrif beskryf as die "bril" waardeur die mens die kosmos moet beskou. (Vgl. Calvyn, Institutie, I. 6, 1). "Antwoorde op die vraag na die sin van die synde word derhalwe deur die Christen nie vanuit die immanente met sy opsigtelike beperking verwerf nie, dog word uit die Godsopenbaring in Christus afgelei, aangesien die Skrif leer dat die ganse skepping deur die Middelaar, Jesus Christus, op volstrekte wyse op God, die Oorsprong en Singewer, die Onderhouer en Voleinder van alle sienlike en onsienlike dinge, betrokke is". (Schoeman, 1975, p. 35)." (Coetzee, 1976, p. 8)

Dit is noodsaaklik dat gesagstoepassing, reëls, eise en metodes ondersoek word om sodoende te probeer vasstel watter metode van gesagstoepassing die aangewese is.

Om dit wetenskaplik te bepaal, sal moeilik wees, maar deur te bepaal watter die algemeenste deur skoolhoofde in die praktyk toegepas en verkies word en waarom hulle op die bepaalde wyse optree, kan moontlik, nadat sienings van outoriteite en skrifbeginsels bygebring is, nuttige gevolgtrekkings gemaak word. Sodoende moet iets geleer word.

Miskien is hierdie ondersoek veral noodsaaklik om opvoedkunde se teorie en onderwys en opvoeding uit die praktyk gesamentlik weer volgens die enigste gedragskode en volmaakte norm, soos wat dit gevind word in die Skrif, te ondersoek. Is al die reëls en gesagseise daarvolgens in pas? Is daar nie gesagseise wat moet verander nie? Waarom is daar dan soveel kampvegters vir die "alternatiewe skool"; "free school"? Waarom word gepleit vir "deschooling" en "real education"? (Schutte, 1973, p. 140). Hierdie ondersoek is in die huidige tyd beslis noodsaaklik.

1.3 Probleem by die ondersoek.

Die probleme by die ondersoek lê hierin:

- hoërskoolleerlinge is nog geen finale of eindproduk van hul skool se gesagstoepassing nie. Al sou hulle ook hoe afgerond en voorbeeldig op matrikulasievlak wees, bly die vraag steeds of hulle dit in hul na-skoolse lewe sal bly. Hoe sal 'n ondersoeker weet watter blywende nut deur 'n gesagseis gelewer word? Sal die ideale skoliere ook ideale studente, werkers, landsburgers, volwassenes en ouers wees? Dit kan nie in hierdie ondersoek bepaal word nie en daar sal aanvaar moet word dat hulle wat in die laaste skooljare die positiewe nastrewe, reeds permanente ankers gevind het. Niks verhoed egter 'n volgende navorser om die teendeel te probeer bewys nie. Mag daar aanvaar word dat hy, wat aan die einde van sy hoërskooljare homself

uit /....

uit eie oortuiging 'n Christen kan noem, reeds die kern besit van dit wat vir hom 'n mooi toekoms voorspel? Die opvoeders in die hoërskool sal glo dat vir sover dit aan die mens gegun word om sy eie heil uit te werk, so 'n leerling, as gevolg van diensbaarheid, werkvermoë, offervaardigheid en regte menseverhoudings, daarin sal slaag om 'n sukses te maak van enige loopbaan waarvoor hy die nodige talente het;

in die ondersoek word verder die probleem ervaar dat hier eintlik met onmeetbare sake gehandel word. Deur mense se standpunte te toets, meerderheidsopinies te bepaal en afleidings te maak, bly die ondersoeker maar nog tussen onsekerhede, relatiewe sake. Vrae doen hulle voor, soos: is meerderhede altyd reg; geld algemene menings vir die besondere; kan 'n opvoeder hom ooit laat lei deur dit wat die meeste ander in 'n soortgelyke situasie sou doen; is gesag, tug, straf en opvoeding nie iets eenmaligs wat by die spesifieke mense in hul besondere omstandighede moet pas nie?

In hoofstuk 3 word na probleme, wat met die vraelys as ondersoekmetode ondervind is, verwys.

## 1.4 Doel van die ondersoek.

Die doel van hierdie ondersoek kan soos volg saamgevat word :

* om die gesagsvraagstuk in die algemeen te ondersoek en te probeer om vaste gronde vir 'n gesagsbeskouing te vind;

* om die gesagstoepassing in die Transvaalse Afrikaanse hoërskool in die besonder te bestudeer en vas te stel:

  - hoedat 'n beleid daarvoor opgestel word en watter rol die skoolhoof daarin het of behoort te hê,
  - watter reëls, voorskrifte en tradisies tans geld,
  - watter metodes en tegnieke aangewend word en aangewend kan word om gesagstoepassing te vergemaklik en probleme

in /....

in die verband te verminder,

- wat die taak en funksie van owerheid, ouers, onderwysers, kinders en veral die skoolhoof is by implementering van gesag;

* om, indien bevindings dit regverdig, aanbevelings te maak wat deur skoolhoofde in die algemeen en nuut aangestelde skoolhoofde in die besonder, gebruik kan word.

1.5 Afbakening van die veld van ondersoek.

* Begripsbepaling. Volgens HAT beteken gesag :

  i. wettige reg om te beveel;
  ii. persoon, liggaam, instelling wat die reg het om te regeer;
  iii. oortuigende krag, outoriteit, invloed (Schoonees ea., 1965, p. 206).

  Toepassing beteken volgens dieselfde bron: handeling van toepas, van iets laat geld. (Ibid. p. 890).

Onder gesagstoepassing sal in hierdie studie verstaan word: die wyse waarop die persoon en instelling wat die reg het om te regeer hierdie reg om te beveel, in die lewe van hulle wat moet gehoorsaam, laat geld.

In hierdie ondersoek gaan dit egter veral om gesagstoepassing in die opvoeding in hoërskole in die algemeen en in die Transvaalse Afrikaanse hoërskool in die besonder. Vir algemene en agtergrondskennis word gesagstoepassing in alle moontlike bronne bestudeer, maar daar word op gesagstoepassing in die Transvaalse Afrikaanse hoërskool gekonsentreer om te bepaal hoedat dit in sekere opvoedkundige situasies inwerk op die handelinge van die betrokkenes. Die skerp afgrensing van die studieveld is hier nie gewens nie,

want /....

want die ondersoek wil, alhoewel dit spesifiek wil wees, tog ook sekere uiteenlopende sake rondom die sentrale tema bestudeer. So is die gesag van die skoolhoof in sy verhouding met mede-volwassenes ook aangeraak.

1.6 Metode

Na deeglike bronnestudie oor die onderwerp is die noodsaaklikheid van 'n vraelys aan skoolhoofde ingesien. Op die wyse kan teorie en praktyk gesamentlik beskou word.

Sienswyses van verskillende opvoedkundiges sal in beskikbare literatuur nagevors word. Die gegewens wat hiermee ingewin word en die vraelys se antwoorde, word dan onder Skrifbeginsels byeen gebring en deurdink. Gegewens wat sodoende verkry is, word gekeur en georden. Deur dit daarna te interpreteer en dan opnuut of vir die eerste maal te formuleer, kan met hierdie ondersoek moontlik 'n bydrae gelewer word tot :

- uitbreiding van kennis oor gesagstoepassing; en
- verbetering en verfyning van beginsels wat by gesagstoepassing geld.

Die ondersoek deur die vraelys word volledig in hoofstuk 3 behandel.

1.7 Verdere beplanning van die werk.

Die werk word verder soos volg beplan :

- na hierdie inleidende hoofstuk volg in hoofstuk 2 die woordomskrywing en prinsipiële besinning oor gesagsproblematiek. Die gesagskrisis en die doelstellings met gesag in die

opvoeding, word saam hiermee behandel;

- hoofstuk 3 handel oor die vraelys self. Die doel met die vraelys en verslag van antwoorde asook die bruikbaarheid van die antwoorde word saam met die probleme van die vraelys uiteengesit;

- hoofstuk 4 handel oor die hoërskool as opvoedkundige instelling en dui in besonder op die unieke geleenthede om deur gesag op te voed. Die skoolpligtige se laaste skooljare en die leerlinge wat na verstryking van skoolplig nog aanbly vir matrikulasie, die noodsaaklike sleutel tot die verdere lewe, bied 'n ideale akker vir die saaier met 'n boodskap. Belanghebbendes se siening oor gesag word ook in die hoofstuk bepaal;

- na hierdie hoofstukke volg in hoofstuk 5 die meer praktiese en word gepoog om te bepaal in watter mate gesagsdelegering noodsaaklik en sinvol is. Organisasiemetodes en organisasiekaarte vorm logies 'n belangrike deel van die hoofstuk;

- hoofstuk 6 handel oor skooldissipline en skoolreëls. Die funksies, probleme en eise van reëls word hierin ondersoek;

- die demokratiese beginsel in gesagstoepassing volg in hoofstuk 7 en daarin word gepoog om vas te stel in watter mate dit stremmend op gesagstoepassing inwerk;

- die amptelike rol van die skoolhoof in gesagstoepassing volg in hoofstuk 8. Dit vorm eintlik die sluitsteen in die verhandeling. Uit die hoofstuk moet noodwendig antwoorde vir sommige onopgeklaarde vrae, wat hierdie ondersoek geïnspireer het, kom;

- in die samevatting en bevindings wat die laaste hoofstuk vorm, mag daar moontlik nuttige aanbevelings wees.